

DIE DOGMATIESE KONTROVERS TUSSEN ROOMS-KATOLISISME EN PROTESTANTISME TEN OPSIGTE VAN DIE MARIOLOGIESE DOGMA, SKRIF EN TRADISIE

DR. P. J. THEO. KOEKEMOER

„De controvers tussen Rome en ons betreft de leer der Openbaring. Wij belijden dat de Openbaring Gods alleen Jesus Christus is. Om Hem te kennen zijn wij aan de Heilige Schrift gebonden.“
Dr. G. C. van Niftrik, *Maria-ten-Hemel-opneming*, 1950, bls. 23.

Die „gesprek“ tussen Rome en Reformasie¹⁾ het as gevolg van die konsekwente houding van Rome t.o.v. die Ekklesiologiese vraagstukke, nog nie so ver gevorder dat beide mekaar byvoorbeeld in die Ekumeniese beweging ontmoet het nie. In Nederland is die gesprekke gevoer veral aangaande die vraagstukke rondom die openbaringsbegrip; ook gaan dit om die pneumatologiese vraagstukke van genade, roeping, bekering, regverdiging, heiliging, goeie werke, ens. Minder suksesvol was die gesprek aangaande die Kerk as die sg. voortsetting van die inkarnasie, die Kerk as die sg. voortlewing van Christus in Sy mistieke liggaam, en die gevolg van hierdie visie vir amp, erediens en sakramente.²⁾

As voorbeeld van die bewuswording van die kontrovers kan genoem word die „Herderlijk Schrijven van de Generale Synode der Nederlandsch Hervormde Kerk betreffende de Rooms-katolieke Kerk“ en die „Antwoord op het Herderlijk Schrijven . . . door vijf Hoogleraren van de R.K. Universiteit, te Nijmegen, (albei 1950). Die herderlike skrywe word deur die Rooms-katolieke hooglerare bestempel as n' „karikatuurtekening van die Katholisme“ en 'n „openlike offisiële stellingname“ van die Hervormde Kerk teenoor die Katolieke Kerk.³⁾

1) „Geloofsinhoud en Geloofsbeleving“, „Een peiling binnen Reformatie en Katholieke Kerk in Nederland“, onder redaksie van dr. H. van der Linde en dr. F. Thyssen. Uitg. Het Spectrum, Utrecht-Antwerpen, 1951.

2) „Wat Gelooven Zij“, Katholicisme en Hervormd Christendom deur mag. dr. F. Malmberg en dr. S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, 2de druk. Uitg. H. Meulenhoff, Amsterdam.

3) „Antwoord op het herderlijk Schrijven“, bls. 23.

Die kontrovers word onder andere duidelik t.o.v. die volgende:

(1) KONTROVERS T.O.V. DIE SKRIF EN DOGMA-BESKOUING. DIE SKRIF- EN TRADISIE-GESAG

Oor hoedanig die dogma-ewolusie plaasvind, verskil die Rooms-katolieke teoloë onderling. Daar bestaan verskillende teorieë oor die Rooms-katolieke Kerk se grond ter regverdiging van die uitbreiding.⁴⁾

Dit is ook sodat onder die Rooms-katolieke teoloë self verskille en onduidelikhede bestaan in sake die dogma-ontwikkeling. Ook **VAN DER PUTTE** verklaar dat hierdie probleem vir hom „nog zeer veel duistere punten bevat”.⁵⁾

Indien dit so is dat die Rooms-katolieke dogma-ontwikkeling vir die Rooms-katolieke teoloog „zeer veel duistere punten” bevat, temeer nog is dit die geval wanneer die reformatoriese teoloog verneem dat mens nie noodwendig moet gaan soek na bepaalde **Bybelse gronde** waarin die **immaculata conceptio** en die liggaamlike hemelvaart van Maria eksplisiet geleer word nie! Hierdie ewolusie-leer het sy wortels o.a. in die Tübingerskool (met die idee van organisme en ontwikkeling) wat in die geskiedenis van die christendom 'n **organiese** ewolusie bespeur. Waar hierdie skool sy ontstaan gekry het in die tyd van die Romantiek, is dit duidelik dat hier ook 'n **romantiese** maatstaf toegepas word. Die enigste maatstaf, volgens die Reformasie, is die **Skriftuurlike Openbaring van God**. Inderdaad, die moontlikhede tussen die **terminus a quo** en die **terminus ad quem** laat vir die Rooms-Katolieke teoloog 'n geweldige speelruimte. Dit is vir Rome genoeg om vas te stel dat die „kieme” van die dogmatiese waarhede in die Heilige Skrif lê. Die verskillende dogmata wat ten doel het die verheerliking van die „koninging van die hemele”, het volgens Rome ten diepste sy wortel in wat die Heilige Skrif ons leer oor die plek en „waardigheid” van Maria in die werk van God. Dit gaan om die **totaalbeeld** van die **Bybel** (moederbelofte, Jes. 7 v. 14,

4) **B. Bartmann**: Lehrbuch der Dogmatik, Deel 1, bls. 168.

Na sy bespreking van die teorieë van: (1) Die na analogie van die organisme (VINZENZ), (2) **NEWMAN**, (3) **FRANZELIN** sê **BARTMANN**: „Es wird gut sein, alle drei **Erklärungsarten** zu vereinigen und keine exklusiv gelten zu machen, da sie alle ihre Berechtigung haben. Die Entwicklung geschah alle eine Lebendige nicht so, dass sie stets oder auch nur Epochen hindurch starr nach demselben Schema verlief. Wer sich an **Vinzenz allein** hält, muss bedenken dass das Dogma kein physischer Organismus ist, der aus innerem Triebe gleichmässig emporwächst, sondern ein geistiges Etwas von intermittierendem, aber nie abschliessendem Fortschritt. Wer sich an **Newman** allein hält, muss bedenken dass die Entwicklung nicht stets so mystisch weich und unscholatisch verlief, sondern oft genug in harten, erregten Begriffskämpfen. Wer sich an **Franzelin** allein anschliesst, darf nicht vergessen, dass die dogmatische Entwicklung auch beeinflusst wurde, nicht nur durch Syllogismen und Begriffserklärung, sondern auch durch das lebendige kulturelle, ethische Leben und den immanenten Heiligen Geist der Kirche wie des einzelnen. Es ist deshalb gut, alle drei **Erklärungen** zu vereinigen.

5) **DR. A. VAN DER PUTTE** Artikel in: „Werkgenootschap van Katholieke Theologen in Nederland”, „Dogma-ontwikkeling en Theologische Redenering”, in die 1950 Jaarboek.

verskillende psalme, **tipes** soos Ester, Openb. 12 v. 1-7 ens.) waar-
 deur die Kerk deur die Gees gelei word tot die verering van Maria
 as moeder van God. Hierdie eksegeese is vir die reformasie duister.
 Dit gaan vir die R.K. Kerk nie om die sola **Scriptura** nie maar om
Scriptura et tradio. Skrifbewys en tradisie val saam. Vanuit die eeue
 lange tradisie val die lig op die Skrif. Die Skrif spreek nie deur en tot
 die kerk nie — **dit is die Kerk en kerklike tradisie wat die Skrif laat
 spreek!** Hier moet die Rooms-Katolieke en Reformatoriese eksegeese
 dan ook skei. Die een is oortuig dat die **Skrif verklaar word uit die
 Skrif self**; die ander een verklaar die Skrif o.a. ook deur die tradisie.
 So word die Rooms-Katolieke dogma sekerlik nie slegs deur Open-
 barings-gegewens (in Reformatoriese sin) bepaal nie, maar ook
 vanuit tradisiebronne welke bronne ons ten ene male **nie as Woord-
 bronne** (Openbaringsbronne) kan aanvaar nie. Die Woord van God
 is oor en bokant die mens soos die hemel bokant die aarde is.
 Daarom keur ons die Rooms-Katolieke Mariabeeld af omdat dit geen
Skrifbeeld is nie, maar 'n Rooms-katolieke-eksegetiesetotaalbeeld
 wat „geabstraheer“ is uit die Skrif en tradisie. **BARTH** kan werklik
 nie beskuldig word dat hy 'n karikatuurbeeld van die Rooms-Kato-
 lieke tradisie gee wanneer hy hom as volg uitlaat nie:

„Also die heilige Schrift ist zwar eine, aber nicht die einzige
 Quelle unserer Erkenntnis der Offenbarung. Ausser dem was wir
 aus der heiligen Schrift kennen, hat Christus, hat aber auch der
 Heilige Geist den Aposteln noch Anderes ebenfalls als „Wahrheit“
 und „Ordnung“ zu Hörendes und zu Verehrendes gesagt . . . Also
 haben wir dieser vor unserer Augen strömendem **zweiten** Erkennt-
 nisquelle dieselbe Autorität zuzuschreiben wie der ersten.“⁶⁾

REFORMATORIES GESIEN: Die tradisie is geen tweede open-
 baringsbron nie. Die konsilie van Trent het die tradisie as open-
 baringsbron aanvaar.⁷⁾ Die reformatoriese Skrifbeskouing stel die Kerk
voortdurend onder die outoriteit van die Bybelwoord. **Tradisie is nie
 Openbaringsbron** nie. Waarmee sal die Reformasie die tradisie
 waardeer en kritiseer? **Die enigste maatstaf is die Heilige Skrif.**
 „Beim Lesen der Schriften der ‚Väter‘ steht mir beständig das
 Zeugnis der Heiligen Schrift vor Augen, ich nehme das an, was mir
 dieses Zeugnis erläutert, ich lehne ab, was ihm widerspricht.“⁸⁾
 Ons vergelyk die volgende:

In die reformatoriese dogmatiek en konfessies word die **locus
 de Scriptura** baie duidelik gestel: — **Die Nederlandse Geloofsbely-
 denis** (Artikels 3 tot 7):⁹⁾

⁶⁾ K. BARTH, Kirchliche Dogmatik, 1, 2, bls. 609.

⁷⁾ DENZINGER, Het J. B. Umberg: Enchiridion 783.

⁸⁾ K. BARTH: Grundfragen beantwortet von prof. dr. Karel Barth, G. F. Callen-
 bach-Verlag, Nykerk, Holland, bls. 21.

⁹⁾ DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: De Nederlandsche Belydenis-
 geschriften, bls. 67.

Artikel 3 handel oor die geskrewe Woord van God, welke Woord in artikel 4 nader bepaal word, naamlik dat al die kanonieke boeke by name genoem word. In artikel 5 gaan dit om die grond van die kanonsiteit. Welke instansie kwalifiseer hierdie boeke waardeur hulle die gesag vir die geloof verkry? Volgens Rome is dit die Kerk wat die kanon van Heilige Skrif vasgestel het. Die sanksionering is beslis van **kerklike** aard. **CALVYN** stel teenoor die Roomse opvatting die oorweging dat op die konsilie van Nicea (325 n.C.) nog voordat daar 'n algemeen erkende kanon was, teenoor **ARIUS** beroep gemaak is op die Heilige Skrif. „Die Skrif was dus voldoende outentiek sonder dat dit gekanoniseer is deur die mense.“¹⁰) **KOOPMANS** het dit goed gestel: „Positief kan er dan ook van een **vaststelling** van de canon eigenlijk niet gesproken worden, maar alleen van een **erkenning**. **De Bijbel brengt zijn autoriteit zelf mee**. Dat wil zeggen: de autoriteit van de Heilige Schrift wordt **alleen in het geloof** aanvaard. Er zijn geen „bewijzen voor“. **KOOPMANS** siteer hierby nog 'n woord van **LUTHER**: „Die Kerk kan nie meer gesag of vastheid aan 'n boek toeken as wat dit reeds in sigself het nie.“¹¹)

Die reformatoriese opvatting is suiwer deur **CALVYN** weer-gegee: Die Heilige Skrif ontleen sy gesag a **Dei loquentis persona**, aan die feit dat God spreek.¹²) Die reformatoriese erkenning van die gesag van die Heilige Skrif, is die erkenning van die Heilige Skrif as die **Woord van God, as Openbaring van God**. Dit sluit in die afwysing van die tradisie as 'n tweede bron van Openbaring naas die Heilige Skrif, wat in artikel 7 nader gekwalifiseer word. Artikel 6 wys op die onderskeid tussen kanonieke en apokriewe boeke, wat vir ons doel nie ter sake is nie. Kom daar gesprek tussen Rome en Reformasie aangaande Skrif en tradisie, dan is artikel 7 van die allergrootste belang. Hier bely die reformasie sy geloof aan die Heilige Skrif as die **enigste reël van die geloof**.

Die N.B.G. begin in artikel 7, nie met spekulatiewe nie, maar met **soteriologiese** interesse, (**ut salutem consequantur**). Die Heilige Skrif bevat die wil van God volkome (**perfecte**). Dit wat strek tot die saligheid van die mens, word in die Skrif genoegsaam (**sufficiënter**) geleer. Hierdie „**perfecte**“ en „**sufficiënter**“ sluit alle ander selfstandige getuienisse oor ons saligheid uit, ook die tradisie in **Rooms-Katolieke** sin. Selfs die apostels was nie geoorloof om anders te leer as wat die Heilige Skrif ons nou leer nie, ja selfs nie 'n Engel uit die hemel nie. (Gal. 1 v. 8). Hierdie artikel neem die gedagte op wat reeds aan die end van artikel 2 uitgespreek is, nl. die „**sufficiëntia**“, **genoegsaamheid** van die Heilige Skrif; d.w.s. dit leer aan ons **alles** wat ons nodig het tot die **eer van God** en ons **saligheid**.

¹⁰) **DR. J. KOOPMANS**: „De Nederlandse Geloofsbelijdenis“, 3de druk. Uitgegegee deur: Uitg. maatskappij Holland te A'dam, MCMXL, bls. 34 en 35.

¹¹) **DR. J. KOOPMANS**: a.w. bls. 35.

¹²) **Institusie**, I, vii, 4.

Die Reformasie het die leer van die noodsaaklikheid (**necessitas**), die deursigtelikheid (**perspicuitas**), volmaaktheid (**perfectio**), en genoegsaamheid (**sufficientia**) van die Heilige Skrif ontwikkel juis in sy kontrovers met Rome. HAITJEMA siteer in hierdie verband 'n woord van H. BAVINCK: „De traditie kan alleen stijgen, als en naarmate de Schrift daalt.“¹³) Deur naas die Bybel aan die tradisie 'n fundamentele plek toe te ken het die Rooms-Katolieke Kerk beslis die **necessitas** van die Heilige Skrif geraak. Tradisie veronderstel weer dat die **sufficientia** uitgesluit word. Hierdie „plus“ (Heilige Skrif plus tradisie) wreek hom in die Rooms-Katolieke Christologie, alwaar daar 'n „plus“ naas Christus te staan kom, t.w.. Christus plus Maria of plus die Kerk. Die ongenoegsaamheid van Christus is die gevolg van hierdie „plus“!

Die afgrensende karakter van artikel 7 blyk verder duidelik teen die Rooms-Katolieke Kerk bedoeld te wees wanneer ons verneem dat dit verbode is om „aan het Woord Gods iets toe of iets af te doen“. Die Rooms-Katolieke Kerk is met sy tradisie nog altyd besig om „iets toe te doen“ en gaan ook daarmee voort. Daarmee word „afgedoen“ aan die **sufficientia**, aangesien die Heilige Skrif „zeer volmaakt en in alle manieren volkomen is“. Mens mag geen menslike geskifte gelyk stel met die goddelike Skrif nie. Artikel 7 kwalifiseer ook daardie bepaalde menslike geskifte nl. die van die **menigte**, die **oudheid** en die **sukcessie** van tye en persone. Die sukcessie van „tye“ verwys na die tradisie deur die eeue heen en die sukcessie van „persone“ na die pous self. Verder word met name genoem die **konsilies**, **dekrete** of besluite. Die polemiese karakter teen die Rooms-Katolieke Kerk is hier baie duidelik. Dit laat ons in ieder geval duidelik beseft dat die **locus de Scriptura Sacra** in die gesprek Rome — Reformasie 'n eersterangse posisie sal inneem.

Die **wesenlike verskil tussen Rooms-Katolieke en Reformatoriese sin van die dogma vind ons in die gesag wat daaraan toegeken word**. BRUNNER het hierdie onderskeiding aldus bepaal: „Für ihn, den heutigen Katholischen Theologen ist das Dogma das Gegebene, hinter das er nicht zurück darf. Seine Denkarbeit kann darum nur das Ziel haben, das Dogma zu **interpretieren**, zu **explisieren**, **aber nicht, es kritisch** zu untersuchen mit dem Bestreben, besseres Dogma an seine Stelle zu setzen. Seine Arbeit kann also „Dogmatik“ nur heißen in dem Sinne, das sie dem Dogma **unterstellt**, von Dogma **dirigiert** ist; sie muss vom Dogma **ausgehen** und zum Dogma **zurückkehren**, und zwar zum gegebenen Dogma...“¹⁴) Ook die Lutherse dogmatici gaan van die **Confessio Augustana** uit en keer daarna terug, so maak die Hervormde dogmatikus met sy **Helvetica**

¹³) Prof. dr. Th. L. HAITJEMA: „Dogmatiek als Apologie“. Uitg. De Erven F. Bohn N.V. Haarlem, 1948, bls. 292.

¹⁴) Emil BRUNNER: „Die Christliche Lehre von Gott“, „Dogmatik“, Band I, Zwingli-Verlag, Zürich, 1946, bls. 66.

posterior. „Er will nicht zuerst neues Dogma schaffen oder vorbereiten, sondern das Glaubensbekenntnis seiner Kirche gedanklich durchdringen, begrifflich auslegen und das richtige Verständnis sichern. Auch seine Dogmatik ist durch das gegebene Dogma bestimmt, geht von ihm aus und kommt zu ihm zurück.“¹⁵⁾

Dit wil dus oënskynlik voorkom of daar geen groot verskil bestaan tussen die Rooms-Katolieke en Protestantse dogma-begrip nie. Tog spreek **BRUNNER** van 'n „geweldige“ onderskeid tussen beide. Die onderskeid tussen Rooms-katolieke en Reformatoriese dogmatiek kom veral by die Hervormde beskouing (minder by die Lutherse) duideliker tot uitdrukking.¹⁶⁾

Die reformatoriese dogmatikus het geen bron van geestelike kapitalisme waarop hy kan terugval nie, veral nie die in die openbaring beslote en deur die onfeilbare leergesag versekerde lering nie.

Die arbeid van die dogmatikus is sekerlik ook 'n uiteensetting en verklaring van die regte verstaan van die konfessie. Maar andersyds moet dit ook „im Interesse der rechtverstandenen Autorität der Offerbarung selbst, den Willen haben, der Freiheit zur kritischen Nachprüfung des gegebenen Bekenntnisses keine Fesseln anzulegen sondern ihr weiter Spielraum zu geben.“¹⁷⁾ Die gesag van die Rooms-Katolieke „ecclesia docens“ sluit hierdie „Freiheit zur kritischen Nachprüfung“ uit.

Artikel 7 van die Nederlandse geloofsbelydenis stel duidelik: „Men mag ook gener mensen scriften, hoe heilig zij geweest zijn, gelijkstellen met de goddelijke schrifturen, noch de gewoonte met de waarheid Gods, (want de waarheid is boven alles) noch de grote menigte, noch de oudheid, noch de successie van tijden of besluiten; want alle mensen zijn uit zichzelf leugenaars en ijdelers dan de ijdelheid zelve“. **Karl BARTH** het die reformatoriese opvatting van die dogmatiek noukeurig reg gegee omdat hy die Heilige Skrif as bron en norm van alle ware verkondiging sien: „Dogmatik ist die kritische Frage nach dem Dogma, d.h. nach dem Worte Gottes in

15) **Emil BRUNNER**: „Dogmatik“, aBnd I, bls. 66.

16) **Emil BRUNNER**: Dogmatik, Band I, bls. 67. „Schon die Tatsache, dass auf reformierten Gebiet nichts der Augustana oder Apologie, diesen wirklich massgebenden Lutherischen Bekenntnisschriften, entspricht, ist charakteristisch. Es gibt eine grosse Zahl reformierten Bekenntnisschriften, die nicht unerheblich von-einander abweichen, und von denen keine die „kanonische“ Geltung besitzt, die den beiden lutherischen Dokumenten zukommt. Der reformierte Dogmatiker steht darum von jeher und bis zum heutigen Tag dem Dogma viel freier gegenüber als der lutherische. Aber beide sind sich — wenn sie nicht ganz in jener zum Katholizismus zuruckföhrenden Konfessionellen Orthodoxie erstarrt sind — bewusst, dass das Kirchliche Bekenntnis ein Produkt menschlicher Arbeit, darum grundsätzlich irtumsfähig und wahrscheinlich der Verbesserung bedürftig ist.“

17) **Emil BRUNNER**: Dogmatik, Band I, bls. 68.

der kirchlichen Verkündigung oder konkret: nach der **Übereinstimmung der von Menschen vollzogenen und zu vollziehende kirchlichen Verkündigung mit der in der Schrift bezeugten Offenbarung.**"¹⁸⁾

Hierby dien egter gelet te word op 'n besliste vooronderstelling, wanneer daar sprake is van die Heilige Skrif as bron en norm van die dogmatiek. „**Woord van God**“ en „**Bybel**“ veronderstel die **sola fide** en die **Test. Spir. Sancti** daartussen; dan eers aanvaar die geloof die **Woord van God van Genesis tot Openbaring**. „De letter der H. Schrift en het Woord Gods waren voor den echt-reformatorischen geest nimmer in directen zin idente grootheden . . . En evenmin als een Protestant het **decretum ecclesiae** direct vergoddelijken mag, mag hij, het Schrift-woord direct vergoddelijken. De **autopistie** van de Heilige Schrift betuigt zichselve op het krachtigst in de prediking des Woords, waarin de Heilige Geest **telkens opnieuw** het Woord wil spreken, dat alreeds gezegd is, het gedurig weer nemende uit hetgeen **van Christus is.**"¹⁹⁾ Vir **HAITJEMA** lê die diepste grond van die gesag dus in die **Gees van God**. Ook **VAN DER LEEUW** lê in hierdie verband die volgende stelling neer: „De Heilige Schrift is niet de grondslag van den eredienst (die kan slechts de **Openbaring** zelve: het Woord Gods, Jesus Christus zijn), maar wel de **norm** daarvan . . . De Heilige Schrift is de oorkonde der Openbaring, de schriftelijke fixatie van de Boodschap. Zij is **zelf geen heilsfeit of heilsverschijning**, doch slechts het bericht daarvan. Als zodanig heeft zij echter normatieve betekenis . . . Het normatief karakter van de Heilige Schrift brengt voor den eredienst mede, dat deze zich in woordkeuze en uitdrukking zoveel mogelijk richt naar de Heilige Schrift.“²⁰⁾

Die gesag van hierdie so geformuleerde „belydenis“. „dogma“ of „credo“ is van **geen absolute**, vir die geloof onbepaalde verpliggende geldigheid, soos in die Rooms-Katolieke Kerk nie. Hier geld nie die onfeilbare leergesag, soos afgekondig deur die Vatikaanse konsilie nie. Die wesenskenmerkende van die Protestantse begrip van die dogma sien **BRUNNER** in die relatiewe, **altyd vir verbetering vatbare openheid** daarvan.²¹⁾ Vir die Protestant is die dogma, of dit

¹⁸⁾ Karl BARTH: Kirchliche Dogmatik, 1932. I, 1 bls. 261. vgl. ook Th. L. HAITJEMA in „Inleiding tot de Theologische Studie“ onder redactie van prof. dr. H. van Oyen, bls. 135.

¹⁹⁾ Prof. dr. Th. L. HAITJEMA: in „Inleiding tot de Theologische Studie“, bls.124.

²⁰⁾ Dr. G. VAN DER LEEUW: Liturgiek. 2de druk 1946, bls. 122. Uitg. G. F. Callenbach N.V. Nijkerk.

²¹⁾ Emil BRUNNER: Dogmatiek I, bls. 62.

„Sowohl die grundsätzliche Erkenntnis in den Irrtumsfähigkeit auch der bibelgläubigsten Kirchenversammlung, als auch der Tatsachenbeweis kommen also darin überein, dass dem Bekenntnis oder Credo oder Dogma der Kirche immer nur relative, unter dem Vorbehalt besserer Belehrung stehende Autorität zukommen kann. Das Dogma steht grundsätzlich unter demselben Autoritätsvorbehalt wie die Lehre des einzelnen. Dagegen kann ihm als einem Akt der Gesamtkirche, einem Akte, bei dem besondere Sorgfalt der kritischen Prüfung als wirksam angenommen werden darf, einem Akt, dem vor allem die Verheissung echter Glaubensgemeinschaft gilt, eine besondere relative Autorität oder Dignität zugesprochen werden.“

van sy eie besondere Kerk is of van die Kerk as geheel, 'n **hoog-aangeskrewe woord**, waarvan hy nie maklik sal kan afwyk nie, „niemals aber letzte Autorität“.²²⁾

Verder is dit duidelik dat die dogma vir die Protestant geen **norma normans** is nie, maar **norma normata**. Die dogma is **nooit objek van die geloof nie**.²³⁾ Objek van die geloof is die **Openbaring, Jesus Christus self**. Hierdie „Ueberordnung des Schriftprinzips über das Traditionsprinzip“ wat beslissend is in die protestantse dogmatiek, het op reformatoriese bodem tot gevolg gehad 'n veelvuldigheid van belydenisgeskrifte. Sommige van hierdie belydenisgeskrifte, sê **BRUNNER**²⁴⁾ bv. die Lutherse **confessio Augustana**, kan ook na hulle aanname „noch **wesentlich** geändert, verbessert wurden“; dit is ook 'n feit dat sommige van hulle uitdruklik meld dat dit slegs wil geld „sofern nicht aus der Heiligen Schrift etwas an ihnen zu verbessern gefunden werde, so z.B. **Conf. Galicana, art. v**“.

Die Heilige Skrif as Woord van God gaan ook by **CALVYN** vooraan. „Daarom is die Woord van God **die enige weg** wat ons daartoe kan lei om te ondersoek wat ons van Hom behoort te weet, en die **enigste lig** wat ons kan verlig om te sien wat ons van Hom moet sien. Die **najaag van 'n ander kennis** is geen geringer dwaasheid as wanneer iemand wil gaan waar geen weg is nie of in die duisternis wil sien.“²⁵⁾ **Samevattend: Die Kontrovers** tussen Rooms-Katolisisme en Protestantisme t.o.v. die gesag van die dogma, lê hier in:

Die dogma is vir die Rooms-Katolieke: „niet zunächst Sittenregel, sondern Glaubensnorm“²⁶⁾ „nie alleen kwesie van een heilige geloofsplicht, van een **moeten** gelooven in de leer die het **onfeilbare** magisterium der Kerk als dogma voorhoudt . . . Met de ogen des geloofs vermogen wij het te zien **als delend in het gezag van de zich openbarende God**“, als geloofsgehoorsaamheid en geloofsaanvaarding van ons vorderend. Het dogma is, voor de tot geloven begenadigde mens, **self geloofwaardigheidsmotief**“.²⁷⁾ „What the church, therefore, teaches as divinely revealed, that **most certainly** is revealed by God and must be believed on the divine authority.“²⁸⁾ „Het dogma **omvat geheel** de geopenbaarde conceptuele waarheid die wij geloven.“²⁹⁾ Die gesag van die (belydenis) dogma is hier **absoluut**. **BRUNNER** stel dit so:³⁰⁾ „Die römisch-

22) **Emil BRUNNER**: Dogmatik I, a.w., bls. 62.

23) **Emil BRUNNER**: Dogmatik I, a.w., bls. 63.

24) **Emil BRUNNER**: Dogmatik I, a.w., bls. 113.

25) **CALVYN**: Institusie, 3, 21, 2.

26) **BARTMANN**: I, a.w. bls. 6.

27) **F. MALMBERG**: Art. „De Betekenis van het Dogma voor het Geloof“ in „Vox Theologica“. Mrt. 1951, bls. 100.

28) **G. D. SMITH**: „The Teaching of the Catholic Church“, deel I, bls. 31.

29) **F. MALMBERG**: Artikel in **Vox Theologica**, Mrt. 1951, bls. 97.

30) **Emil BRUNNER**: Dogmatik, I, bls. 60.

katholische Kirche nimmt für das ihre absolute, **letztgültige** und für den Glauben unbedingt **verpflichtende** Gültigkeit in Anspruch . . ."

Die „dogma“ is vir die Reformasie die Geloofsbelijdenis van die **hele Kerk**. Die reformatoriese belijdenisskrifte, sê BRUNNER, „teilen im grossen ganzen die alt Katholische Anschauung von der unbedingten Lehrautorität der Kirche, allerdings unter der, von der lutherischen Kirche stillschweigen, von den reformierten Kirchen ausdrücklich genannten Voraussetzung, dass das Bekenntnis der Kirche mit der Norm der Heiligen Schrift übereinstimmen“.³¹⁾ In die Reformasie sowel as in die oue kerk vind mens die geloof aan die leergesag van die wettig gekonstitueerde algemene Kerkvergadering wat die hele kerk verteenwoordig. Hierdie beskouing noem BRUNNER „ein durchaus ernst zu nehmender Glaube an die besondere, auch in Sachen Wahrheitserkenntnis wirksame geistliche Kraft der Gemeinschaft gegenüber dem isolierten einzelnen Glaubigen und einzelnen Lehrer oder Verkündiger . . .“³²⁾ Die ou kerk het hierdie gesag gedurende die eerste eeue aan die ekumeniese konsilies, in hulle kerkregtelike samestelling, toegeken. Dit het ook so gebly tot die Konsilie van Trente.³³⁾ Die Vatikaanse konsilie het egter die onfeilbare leergesag van die kerk afgekondig: **Romani Pontificis definitiones ex sese, non autem ex consensu Ecclesiae irreformabiles esse.**³⁴⁾

Wat is dan die wesentlike onderskeidingsteken in hierdie kontrovers? „Für die katholischen Glaubigen wie für den einzelnen katholischen Lehrer ist das Dogma der Kirche inappellable, letzte Instanz in Sachen der Glaubenswahrheit; für den protestantischen Lehrer dagegen ist das Dogma, sei es das seiner besonderen Kirche, sei es das allen Kirchen gemeinsame, zwar eine höchst beachtliche Instanz, von der abzuweichen ihm nie leicht fallen wird, niemals aber letzte Autorität, vor der seine eigene Einsicht zu verstummen hätte. Darum hat die protestantische Kirche kein „dogma“, sondern „Bekenntnisse“. Hiermee gee BRUNNER seker een van die wesensverskille kragtig saamgevat. Die „belijdenis“, „credo“ of „dogma“ is nie onfeilbaar nie, (Irrtumsfähig) is nie absoluut nie, maar „unter dem Vorbehalt besserer Belehrung stehende Autorität“.³⁵⁾

31) Emil BRUNNER: Dogmatik, I, bls. 61.

32) Emil BRUNNER: Dogmatik I, bls. 61.

33) Emil BRUNNER: Dogmatik I, bls. 60.

34) DENZINGER: a.w. No. 1839.

35) Emil BRUNNER: Dogmatik I, bls. 62.

„Das Dogma steht grundsätzlich unter demselben Autoritätsvorbehalt wie die Lehre des einzelnen. Dagegen kann ihm als einem Akt der Gesamtkirche, einem Akte, bei dem besondere Sorgfalt der kritischen Prüfung als wirksam angenommen werden darf, einem Akt, dem vor allem die Verheissung echter Glaubensgemeinschaft gilt, eine besondere relative Autorität oder Dignität zugesprochen werden.“

(2) WESENSVERSKIL T.O.V. CHRISTOLOGIE EN MARIOLOGIE: BESONDERE TOEPASSING VAN BOSTAANDE VERSKIL IN DOGMA-BESKOUIING

Die vraag wat die ou christelike Kerk van die begin af besig gehou het is die vraag aangaande die **Persoon van Jesus Christus**. Die interesse van die Kerk was steeds **christologies-soteriologies** bepaald. „En als nu iets zeker is, dan stellig wel dit, dat het in dezen christologiese stryd om den **Middelaar der volle, reële verlossing** ging, en om **Hem alleen**“.³⁶⁾ Hierdie „Middelaar“ sluit alle ander middelaars of middelaresse uit; hierdie **volle verlossing** maak alle ander verlossinggedagtes oorbodig; hierdie verlossing is alleen reël en kwalifiseer enige ander „verlossing“ as skyn. Die „**Hem alleen**“ onderstreep die ganse Soteriologie as **christologies**. Ons met uit ons navraag na die christologiese stryd tot die gevolgtrekking kom dat die suiwer christologiese interesse van die oue Kerk **alle onskriftuurlike R.K. mariologie** uitsluit. Dit ken alleen die **Mediator** en nie die **Mediatrice** nie. Waarom? Omdat die ou Kerk geen eeue lange tradisie in R.K. sin in voorraad gehad het as hulpmiddel om 'n uitgebreide mariologie te konstrueer nie. Die beeld van Maria is in die ou Kerk die beeld van die Skrif.

In voorafgaande het ons daarop gewys dat die Mariabeeld afhanklik is van die beskouing aangaande die **sufficientia**, al dan nie, van die **Heilige Skrif**. Die kontrovers blyk duidelik wanneer die Skrifbeeld van Maria aan die eenkant en die **Skrif-plus-tradisie-beeld** aan die anderkant teenoor mekaar gestel word. By die gesag van die Heilige Skrif word toegevoeg die gesag van die tradisie en die kerklike leergesag „**ex cathedra**“ as onmiddellike geloofsreël. Die **Skrif alleen** het geen soewereine aanspraak in so 'n toestand van sake nie. „De Schrift is ingekapseld, kan niet meer bevrijdend werken. Welnu, zo is ook de wetenschap, dat Christus een in zichzelf **volmaakt** verlossingswerk heeft volbracht, ingekapseld in het **mede-verdienen** en het **mede-verlossen** van Maria. Het uitzicht op de enige Heer en Heiland is met een waas bedekt.“³⁷⁾

In die Rooms-Katolieke ewolusieteorieë insake dogma-ontwikkeling word die uitgangspunt gevorm word deur 'n „**kiem**“, nl. die goddelike waarheid wat in die openbaring opgesluit is. **Die groei word bepaal deur die totaalbeeld van Maria wat sig daarstel uit die Skrif-plus-tradisie-beeld**. „Men heeft de gevaren niet suiwer onderkend en de ongenormeerde ontwikkeling op beslissende punten gestimuleerd en er nieuwe bronnen voor ontsloten. Daarmee heeft

³⁶⁾ Prof. dr. Th. L. HAITJEMA: „Dogmatiek als Apologie“, bls. 214. Uitg. De Erven F. Bohn N.V. Haarlem, 1948.

³⁷⁾ Dr. A. F. N. LEKKERKERKER: De Reformatie in de Crisis, bls. 209.

de Roomse Kerk een **normlooze** evolusie gesanctioneer en de Heilige Skrif steeds meer op den agtergrond gedrongen.”³⁸⁾

As illustrasie van so ’n on-Bybelse Mariafiguur dien die jongste afkondiging van die dogma van die liggaamlike hemelvaart van Maria.³⁹⁾ Dit het opnuut die kontrovers t.o.v. hierdie bepaalde leer, tussen Rome en Reformasie bevestig. **RASKER** skryf dan ook: „Maar het word ons nu steeds moeilijker gemaak, de grond der eenheid word steeds minder zichtbaar. Steeds meer en duideliker skuif die voor het beeld van de Heiland een andere gestalte: die van zijn door Rome hoogvereerde moeder . . . En dit alles heeft nog meer nadruk ontvangen door de afkondiging van het nieuwe dogma, dat de scheiding tussen Rome en ons zal bevestigen.”⁴⁰⁾

In die afkondiging van hierdie dogma beluister die Reformasie die volgende onskriftuurlike klanke:

- (1) Dit is „feitlik onmoontlik om haar wat Christus ontvang het . . . te skei van Hom.” (Jesus.)
- (2) Die „grootse wyse” waarop hierdie skepsel vereer word.
- (3) Dat sy „daadwerklik verbind is in daardie stryd teen die vyand van die onderwêreld . . .”
- (4) Dat sy die „nuwe Eva” is.
- (5) Die analogie: Die liggaam van Christus is verheerlik; derhalwe moes ook haar liggaam verheerlik word.
- (6) Haar onbevleete ontvangenis en onbevleete goddelike moederskap.
- (7) Dat Maria „behoue bewaar is van die verderf van die graf” en „met liggaam en gees, nadat die dood oorwin is, weggeneem is na die hoogste heerlikheid van die hemel, waar sy daar as koninging kan skitter”.
- (8) Hierdie dogma word gekwalifiseer as „’n waarheid wat berus op die Heilige Skrif en vasgewortel is in die harte van die christen-gelowiges”.
- (9) Haar sg. **durende** maagdelikheid.

„Al hierdie argumente en denke van die heilige vaders berus op die Heilige Skrif”, leer die dogma. Dit berus o.i. **veelmeer op die tradisie** as op die Skrif. In elk geval is hier geen sprake van **sola Scriptura** nie. Dit blyk duidelik dat die Pous hom hier beroep op: (a) Die Skrif, (b) Homself (die pous), (c) die **patres**, (d) die proto-evangelie, (e) die biskoppe, (f) die liturgie van die Kerk van vroegste tye her, (dus: tradisie), (g) die studie, kennis en wysheid van teoloë, en tenslotte nog daarby: (h) die „Gees van Waarheid” en

³⁸⁾ Dr. G. C. BERKOUWER: De Strijd om het Rooms-Katholieke Dogma, bls. 189.

³⁹⁾ Dr. A. J. RASKER: Art. in „Kerk en Theologie” 2de Jaargang, No. 2, April 1951, bls. 107: „Sanctissimi Domini nostri Pii providentia Papae XII Constitutio Apostolica qua fidei dogma definitur Deiparam Virginem Maram fuisse corpore et anima ad caelestem gloriam assumptam.”

⁴⁰⁾ Art. in Kerk en Theologie, 2de Jaargang, No. 2, April 1951, bls. 107.

(i) „die gesag van onse Heer, Jesus, Christus“. Ons kan dus hoogstens sê dat die R.K.K. hom hier **onder andere** op die Skrif beroep.

Ook **VAN NIFTRIK** sien die afkondiging van die dogma van die liggaamlike hemelvaart van Maria as onderstreping van 'n **kontrovers**: „De controvers tussen Rome en ons betref die leer der Openbaring! Wij belijden dat de Openbaring Gods alleen Jesus Christus is! Om Hem te kennen zijn wij aan de Heilige Schrift gebonden. De Heilige Schrift is volgens **LUTHER** de Kribbe, waarin het Christuskind is neergelegd. De Heilige Schrift is volgens Calvijn het gewaad, waarmede Christus bekleed tot ons komt . . . „**Wij zullen Protestanten zijn door te protesteren tegen een opvatting van de traditie, als ware zij een verlenging van de Openbaring in de tijd.** Daardoor wordt de Schrift tot „achtergrond“ van het gebeuren der Kerk . . . Dan staat het Woord Gods niet meer soewerein en vrij tegenover en boven de Kerk, maar is **in het gebeuren der Kerk opgezogen en opgenomen.** Het gaat dan niet meer om de vraag of het in de Schrift staat, maar of de theologie, **uitgaande van de vastgestelde dogmas,** het met min of meer moeite in de Schrift kan terugvinden! De exegese is niet meer **vrij,** als weerspiegeling van de **vrijheid** van het **Hoofd** der Kerk tegenover en boven Zijn Kerk.“⁴¹⁾

VAN NIFTRIK wys duidelik daarop dat in die Rooms-Katolisisme, die leer oor Skrif en tradisie en die Ekklesiologie saamhang.⁴²⁾ Die Rooms-Katolieke Ekklesiologie, wat daarop neerkom dat die Kerk die onder ons voortlewende Christus is (**Christus prolongatus**), die „voortsetting“ van die inkarnasie, sluit die vryheid en soewereiniteit van Christus **teenoor en bokant** Sy kerk uit. Net so word ook die Skrif tot onderdeel van die Kerk gemaak. Die hoogheid en soewereiniteit van die Skrif as gesag bokant die Kerk het verdwyn. „Het reformatorische Protestantisme zal **nooit** Christus en de Kerk vereenzelvigen. Het Protestantisme zal de normativiteit der Schrift boven Kerk en traditie belijden. **Het meet de traditie aan de Schrift.** Omdat Christus de Heer is, soewerein en vrij. Hy stelt zijn Kerk onder critiek. Onder de critiek van de H. Geest. Daarom zal het Protestantisme ook **nooit** het onfeilbare leergezag van de Paus erkennen. De vrijheid van de Heer tegenover zijn Kerk weerspiegelt zich in de vrijheid der exegese.“

Die protestant soek dan ook tevergeefs na enige Bybelse grond vir die fundering van hierdie dogma van die liggaamlike hemelvaart van Maria. „Van een ten hemelopneming van Maria weet de Heilige Schrift niets, **maar dan ook niets.**“⁴³⁾

⁴¹⁾ Dr. R. B. **EVENHUIS** en prof. dr. G. C. **VAN NIFTRIK**: Maria-Ten-Hemel-Opneming, bls. 23. Uitg. G. F. Callenbach, N.V. Uitg. Nijkerk, 1950.

⁴²⁾ Prof. dr. G. C. **VAN NIFTRIK**: Do. bls. 23.

⁴³⁾ Dr. R. B. **EVENHUIS**: „Maria Ten-Hemel-Opneming“, bls. 4.

Dit dien opgemerk te word dat daar egter in sekere Rooms-Katolieke kringe gedurende die laaste jare 'n merkwaardige verskuiwing plaasvind in die rigting van die reformatoriese visies insake Skrif en dogma. Prof. FORTMAN het in die Rooms-Katolieke weekblad, „de Linie“, van 20 Oktober 1950 duidelik erken dat baie van die „intellektuele“ Rooms-Katolieke i.v.m. hierdie dogma, „een zeker gevoel van onbehaaglikheid niet van zich kunnen afzetten. Zij vragen: waar kan men deze leer nu eigenlijk vinden in Gods Openbaring“?⁴⁴) Ook Prof. GEMSER verklaar: „Dit is voorwaar 'n verblydende verskynsel dat ook van Rooms-Katolieke syde die laaste jare so baie gedoen word om die Heilige Skrif onder die aandag van die lesende publiek te bring . . . en dit is opmerklik hoeveel vryheid aan die geleerdes gelaat word deur die kerklike outoriteite, selfs waar dit kritiese opvattings aangaande die Bybelboeke betref . . .“⁴⁵)

Ook CORNELIA DE VOGEL, van oorsprong Hervormd, is wel bewus van die maatstaf van die Heilige Skrif in die Kerk van die Reformasie wanneer sy asvolg skryf: „En inderdaad is ons de Maria-verering in de Rooms Katholieke Kerk, meer zoals zij feitelijk is dan het vastgelegd dogma, een moeilijkheid.“⁴⁶) Die „moeilijkheid“ is vir haar gevoel egter nie daar te vind waar K. BARTH dit aanwys, nl. in die *meritum*-begrip nie, maar wel daarin „dat wij Maria in al haar heiligheid en onbevleete reinheid, zoals de Kerk die verstaat, nooit in onze Bijbel hebben leren zien, en evenmin haar moederschap over alle gelovigen, noch haar hoge waardigheid in de hemel. Zelfs de maagdelijkheid van Maria, waaraan de oude Kerk zo vast geloofde, met een zo verontwaardige afwijzing van hen die anders leerden, zelfs die is voor ons geen geloofspunt, maar een onverschillige, wellicht ook een problematische zaak geweest“.⁴⁷) Dan gaan DE VOGEL oor om terug te gryp na hierdie selfde Skrif om die Rooms-Katolieke Mariologie te regverdig, nl. t.o.v. Luk. 1 v. 28, Gen. 3 v. 15, Psalm 131, Openb. 12 v. 1. Sy kan dit doen op voetspoor van die Rooms-Katolieke Kerk omdat sy „vertrouwen en eerbied voor haar overlevering heeft geleerd“. DE VOGEL het die kontrovers egter goed raakgesien: „Deze teksten zullen een protestant, zolang hij protestant is, d.w.z. zich niet onder de Katholieke traditie stelt, nooit ten volle overtuigen.“⁴⁸)

Bybels-eksegetiese gronde maak die R.K. mariologie onmoontlik asgevolg van die Bybelse feit van die Openbaring in Jesus Christus. Die Openbaring hef die Rooms-Katolieke mariologie op. Tussen die

⁴⁴) Dr. R. B. EVENHUIS: „Maria Ten-Hemel-Opneming“, bls. 3.

⁴⁵) Prof. dr. B. GEMSER: Art. in „Herv. Teol. Studies“, Afl. 1 Sept. 1952, bls. 7 na aanleiding van die publikasie van „Die Heilige Schrift in deutscher Übersetzung“ met as ondertitel „Echter-Bibel“, uitgegee deur die Echter-Verlag in Würzburg.

⁴⁶) Dr. C. J. DE VOGEL: „Ecclesia Catholica“, Redelike verantwoordings van een persoonlike Keuze, 3de druk, 1948, bls. 198. Uitg. Het Spectrum, Utrecht.

⁴⁷) Dr. C. J. DE VOGEL: a.w., bls. 198-199.

⁴⁸) Dr. C. J. DE VOGEL: a.w., bls. 199.

Bybelse en Rooms-Katolieke tradisie-en-Bybel-beeld is nie alleen spanning nie maar teenstelling. In die gesprek Rome-Reformasie sal o.a. die volgende ter sprake moet kom:

- (a) **Luk. 1 vs. 26-56** (Maria is „*ancilla Domini*“).
- (b) **Luk. 2 vs. 49** (dui volgens Rome daarop dat die verhouding tussen Jesus en Maria (en Josef) ondergeskik is aan die verhouding tussen Jesus en God die Vader).
- (c) **Joh. 2 vs. 3 en 4:** (Die vraag van Jesus aan Sy moeder verstaan ons so: „Wat wilt gij van mij?“ (Ned. Vert.). d.w.s.: „wat is daar tegelyk vir u en my?“ of „watter gemeenskaplike belang het ons?“).
- (d) **Luk. vs. 27 en 28:** (Die Maria-vereerster word hier gewys op die **Woord van God**. Die saligheid lê nie in bloedverwantskap nie maar in die hoor en bewaar van die Woord van God.)
- (e) **Matt. vs. 46-50:** (Dit gaan vir Jesus nie om Sy moeder en broers nie, maar om diegene wat die wil van Sy Vader in die hemele doen).
- (f) Die laaste Skrifgetuïenis aangaande Maria, **Hand. 1 vs. 14**, teken Maria gewoon as een van diegenes saam met haar, **sonder enige voorrang**.

By die gesprek, Rome-Reformasie sal 'n eksegese van bogenoemde Skrifgedeeltes ter sprake moet kom; dat die resultaat teleurstellend sal wees, kan vooraf aanvaar word,⁴⁹⁾ omdat: Eksegese in die lig van die Rooms-Katolieke Dogma en eksegese in die lig van die Skrif self, sluit mekaar uit; hiervoor is die „**gratia plena**“ en die „**fiat**“ genoegsaam bewys van die Rooms-Katolieke **inlesing** van dogmatiek in die Skrif. („Het is een geweldige omkering van het geen het Evangelie ons schenkt. Maria de **begenadigde**, die in het Evangelie niet meer is dan „de vrouw“, in alles onzer een, uit wie Christus geboren is om met ons te staan onder de Wet (Gal. 4:4), de „plaats“ waar het heilswerk Gods inzet aan een verloren wereld wier geloof alleen daarin ons ten voorbeeld kan zijn dat het niets verdienstelijks heeft, — deze Maria wordt hier „vol van genade, **gratia plena**; niet alleen ontvangend maar vooral **uitdelend**; practisch meer een **verlosseres** dan een verlostee“).⁵⁰⁾

(3) DIE R.K. DOGMA-EWOLUSIE EN DIE TEST. SPIR. SANCTI

Die dogma van die onbevleete ontvangenis en hemelvaart van Maria is opgesluit in die goddelike openbaring, „soos 'n blom wat nog in sy knop was“. Hierdie blom het langzaam, deur die eeue oopgegaan. Waarom het hierdie misteries dan so lank verborge gebly? **SCHEEBEN erken:**⁵¹⁾ „dasz vor dem Ende der 6 oder höchst-

⁴⁹⁾ Vgl. hier die „**Antwoord op het Herderlijk Schrijven**“ deur vyf hooglerare van die R.K. Univ. te Nijmegen, bls. 49 v.v.

⁵⁰⁾ **Dr. A. J. RASKER:** Enkele opmerkingen over het nieuwe Maria-dogma. Art. in „**Kerk en Theologie**“ No. 2, April 1951, bls. 112.

⁵¹⁾ **M. J. SCHEEBEN:** Dogmatik III, bls. 572, gesitueer deur **BERKOUWER** „**De Strijd om het R.K. Dogma**“ bls. 198. Vgl. ook: **BARTMANN**, a.w. I, bls. 434: „**Schrift und Väter waren dunkel.**“

tens 5 eeuë jare überhaupt kleinerlei sekeres, ausdrucklikes Zeugnis für die Thatsache der leiblichen Aufnahme Mariens nachweisbar ist, welches von einer beachtenswerthen Autorität herührte". **Dit is die Heilige Gees wat hierdie groeiproses so langzaam in al sy fases bepaal het, sê Rome.** Die leiding van die Heilige Gees het na soveel eeue die aandag van die Kerk gaan vestig op hierdie heerlike waarhede. Teen die verset van **BERNHARD** en ander teoloë het die Heilige Gees egter sy werk voortgesit. Maar nou kom die beroep op die Heilige Gees in 'n eienaardige lig te staan, veral wanneer die Gees die Kerk lei om die Skrifwaarheid van die algemeenheid van die sonde verby te seil en ook Maria uit te sonder naas Christus. Wel word toegegee dat Maria ook aan 'n **debitum** onderworpe is, maar dan tog nie so dat dit enige skaduwee op haar werp nie. Haar „skuld“ is 'n „skuld“ in **verwyderde** verband: **debitum remotum**.⁵²⁾ Die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk verg 'n diepgaande selfbesinning oor sonde en genade. Op sy beurt bring die visie insake sonde en genade weer die **Antropologie** in gedrang. Kom daar 'n versteuring op die een punt dan raak dit die geheel van geloofslewe en geloofswerklikheid.

Die gevaar dat die „**sensus catholicus**“ en „**Spiritus Sanctus**“ geïdentifiseer sal word, is werklik nie denkbeeldig nie. **KASTNER** noem die Mariologie „ein Musterbeispiel für den Einflusz der Volksfrömmigkeit auf die Theologische Forschung“.⁵³⁾ In hoeverre is hierdie „Volksfrömmigkeit“ 'n „vroomheid“ uit die Heilige Gees? Die Rooms-Katolieke Kerk is hier nie van **subjektiwisme** vry te spreek nie; daarom nie, omdat die **band tussen Woord en Gees deurgesny** is. Watter gegewens gee die Woord aangaande die hemelvaart van Maria? (Vir die Rooms-Katolieke teoloog is hierdie vraag na die Woord beslis nie die een en die al nie.) Die antwoord is: Die hemelvaart van Maria **moes** plaasgevind het, omdat alleen haar liggaamlike hemelvaart in ooreenstemming te bring is met haar **waardigheid** as moeder van God; op een of ander wyse **moes** die hemelvaart in die openbaring beslote gewees het, omdat die Heilige Gees lei tot die **eindresultaat** sowel as die tempo van die „ontvoing“ van hierdie „blom“. **Intuitief** is die „idee“ van Maria se liggaamlike verheerliking **aangevoel (sensus catholicus)** as passende by haar waardigheid. **Spiritus Sanctus, sensus catholicus, sensus communis, geloofbewussyn, volksvroomheid** en onfeilbare leergesag kom alles op een lyn te staan.

Sou die Heilige Gees die Kerk so lei? Wie spreek aangaande die Heilige Gees moet sinvol en verantwoordelik spreek. Hierdie sinvolheid is vir die Reformasie alleen te vind in die nabye omgewing van die Skrif: **sola Scriptura**. Die Skrif moet steeds die gesproke (gepredikte) woord kontroleer. Ook die Reformasie glo aan die

⁵²⁾ **BERKOUWER**: De Strijd om het R.K. Dogma, bls. 186.

⁵³⁾ Gesitêer deur **BERKOUWER**: De Strijd om het R.K. Dogma, bls. 189.

leiding van die Heilige Gees in die Kerk, maar steeds en altyd weer verbonde aan die Heilige Skrif. Die „sine qua non“ vir die reformatoriese beskouing, wanneer dit spreek aangaande die Heilige Gees, is die onverbreekbare band wat erken word tussen **Woord en Gees**, soos geïllustreer deur die **Heidelbergse Kategismus**, vraag en antwoord 54.⁵⁴) . . . Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur **Sy Gees en Woord**, vir hom tot 'n gemeente byeenbring . . .”

In sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus noteer **BARGER** dan ook sinvol aangaande „Gees en Woord”, „als de kracht en het middel waarvan Christus zich bedient, die by elkander behooren . . . Dus hebben wij die over den Geest niet beschikken kunnen, geen andere macht om de Kerk te vergaderen, te beschermen en te onderhouden, dan het Woord, maar die macht moet ons genoeg zijn.⁵⁵) In hierdie opmerking van **BARGER** lê daar vier reformatoriese beginsels wat in teenstelling staan met die Rooms-Katolieke teologie as geheel:

- (a) **Gees en Woord behoort bymekaar**. Rome het dit deurgesny omdat die Gees die Kerk langs 'n ander weg as die Woordweg sou voer, nl. die tradisie-weg.
- (b) Die reformatoriese teologie kan nie roem op die **besit** van die Heilige Gees nie en moet steeds bid: „**Kom, Skepper Gees, kom.**” In die Rooms-Katolieke dogma lê die Openbaring vir eens en vir altyd **vasgevang**.
- (c) Die reformasie ken geen ander mag as die mag van die Woord nie . . . **sola Scriptura**. Die Rooms-Katolieke teologie staan of val waarlik nie alleen by die Woord nie. Die tradisie is sy ander steunpilaar.
- (d) Die reformasie het die „**genoegsaamheid**” (**sufficiëntia**) van die Woord beklemtoon. Die Rooms-Katolieke tradisie het dit steeds ontledig.

Rome bly ten slotte gekonfronteer met sy dubbele probleem. Die evolusieverklaringe wat selfs vir die Rooms-Katolieke teoloog „duistere punte” bevat, het geblyk geen bevredigende gronde te verskaf vir die stelling: **Roma semper eadem est** nie. Ook die materiële probleem sal steeds brandend bly in die lig van ons bevinding dat dit vir Rome nie noodsaaklik is om te gaan soek na 'n bepaalde Bybelwoord om die dogmata van die onbevleete ontvangenis en die liggaamlike hemelvaart van Maria te regverdig nie. Vir die Rooms-Katolieke Kerk, wat kan roem op die besit van die Heilige Gees en die **Sensus catholicus**, is hier eintlik geen probleem nie. Hierby

⁵⁴) Ons gebruik die teks van dr. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: a.w. bls. 172-173.

⁵⁵) **H. H. BARGER**: De Heidelbergsche Catechismus als catechetisch leerboek, 2de onveranderde druk, 1940, Uitg. Kemink en Zoon N.V., Utrecht, bls. 366-367.

verskaf die tradisie aan die Kerk die geweldige ruimte tussen die terminus a quo en die terminus ad quem van die ontwikkeling van die dogma.

Uit voorafgaande blyk duidelik:

(a) Die Mariologie is die **verswakking van die Vleeswording** van die Woord. (b) In die Mariologie gaan dit om die **medewerking** van die skepsel in die soteriologiese werk van Jesus Christus, en moet bygevolg sy invloed hê op die leer van genade en werke en ander leerstukke by Rome.

(a) Dat God „sarks“ geword het, beteken dat Hy die menslike vlees so as dit „van nature“ is, aangeneem het. Daar sit 'n diepgaande betekenis agter, dat in die geslagsregister van Jesus Christus, (Matt. 1) ook name soos Tamar en Ragab sig bevind.⁵⁶⁾ Hy, die Immanuel, wou diep indaal in die verloreheid van die menslike geslag. So is Hy tot sonde vir ons gemaak. God kies geen buitengewone „deugvolle“ mense uit om Sy heilsplan uit te voer nie. „Het dogma van de onbevleete ontvangenis en de heiligheid van Maria (heiligheid dan in de zin van een gevrijwaard zijn voor alle erf- en dadelijke zonde) doet tekort aan de ontleding van Christus Jezus, aan Zijn waarachtige mensheid, aan Zijn komen in het volslagen incognito van de diensknechtsgestalte“.⁵⁷⁾ Hierdie Vleeswording is die Inkarnasie en moet die R.K. Mariafiguur uitsluit: „Deze grootheid is **critisch** voor de gangbare voorstellingen van halfgoden en heroën, van tusschen-wezens en middelaars . . .“⁵⁸⁾

(b) In die Mariaverering gaan dit ook om die medewerking van die skepsel in die Verlossingswerk van Jesus Christus: **Maria intercedit apud Deum pro hominibus.**⁵⁹⁾ 'n Verkapte Pelagianisme word hier baie duidelik.

Sy is: **inventrix gratiae, genetrix vitae, mater salutis, mediatrix nostra, advocata nostra, etc.**⁶⁰⁾ „Van die baie groot skat van alle genade wat die Heer aan ons bring, word niks ons deel nie, anders as deur Maria, aangesien God dit so wil dat, net soos niemand tot die hoogste Vader kan kom nie, behalwe deur die Seun. ook wel gesê kan word dat niemand tot Christus kan kom nie anders as deur die moeder.“⁶¹⁾

„Die titel „**Middelares**“ dui op dieselfde as „**Medeverlosseres**“, maar dit verlê standpunt en nadruk. „Medeverlosseres“ was Maria tydens haar lewe op aarde en selfs strik genome, tydens die lewe van haar Seun; „Middelares“ is sy eers vanuit die

⁵⁶⁾ Prof. dr. G. C. VAN NIFTRIK: Maria Ten-Hemel-Opneming, bls. 16.

⁵⁷⁾ Dr. A. F. N. LEKKERKERKER: „De Reformatie in die Crisis“, bls. 222.

⁵⁸⁾ Dr. W. J. AALDERS: „De Incarnatie“, bls. 125, Uitg. J. B. Wolters, Groningin. 1933.

⁵⁹⁾ DENZINGER: a.w., 734.

⁶⁰⁾ A. VON HARNACK: Lehrbuch der Dogmengeschichte, III, bls. 658.

⁶¹⁾ „Encycl. Octobri mense“, van Leo XIII, 22 Sept. 1891 by DENZINGER 1940a.

hemel: haar medeverlossing hier benede, in breë beskou, was die begin van die bemiddeling. Omdat sy „medeverlosseres” was, en in die mate, is Maria „middelaars”; by haar dood het die een in die ander oorgegaan. **Deur haar** kom alle genade neer want dit vloei alles voort uit Christus se verlossing en aan alles van die Verlossing het sy daadwerklik deelgeneem”.⁶²⁾

Net so as die R.K. Kerk ’n tweevoudige medeverlossing onderskei, maak dit ook onderskeid tussen ’n tweevoudige middelaarskap van Maria.

„Maria was mede-verlosseres met Christus en met die heilige Drie-eenheid; netso bemiddel sy tussen Christus en die mense, tussen die mense en God, maar op verskillende wyse: in die horisontale en in die vertikale lyn, om dit so te stel. In die horisontale lyn werk Maria met Christus saam, die Moeder met die Seun, beide aan die Vader gehoorsaam; daarom bereik ons tans Christus deur Maria heen en deur Maria, by die algehele opgang van die mense na God, ons middelaars naas Jesus ons Middelaar. En daardie tweede middelaarskap, andersom as by die medeverlossing, is belangriker as die eerste”.⁶³⁾

Hier het alle grense tussen Skepper en skepsel weggeval en „behoort ze eerder tot de sfeer der goden dan die der mensen”, en moet LEKKERKERKER ook hier noteer: SEEBERG krijgt dus met zijn „nieuwe godengestalten” tenslotte toch nog gelijk! En het populaire verwijt van sommige Protestanten, dat we hier te maken hebben met afgoderij, is er niet helemaal naast”.⁶⁴⁾

Die Reformasie gryp terug na die „Skrif alleen”, na die Gods Openbaring in die Ou Testament soos dit in vervulling gegaan het in die Openbaring van die vleesgeworde Woord Jesus Christus: I Tim. 2. 5.

Want daar is een God en een Middelaar tussen „God en die mense, die mens Christus Jesus”.

Op grond van die „Skrif Alleen” bely die Reformasie by monde van die Ned. Geloofsbelydenis, art. 16: „Wij gelooven dat wij geen toegang hebben tot God dan alleen door den eenigen Middelaar en Voorspraak Jesus Christus, den rechtvaardige . . . Maar deze Middelaar, dien de Vader ons heeft gegeven tusschen Zich en ons, moet ons door zijn grootheid niet verschrikken, om ons een ander, naar ons goeddunken, te doen zoeken. Want er is niemand, noch in den hemel, noch op de aarde, onder de schepselen, die ons liever heeft dan Jezus Christus . . . Indien wij nu een anderen Middelaar zoeken moesten, die ons goedgunstig ware, wien zouden wij kunnen vinden,

⁶²⁾ E. M. JANSSEN S.J.: „De Moeder Gods” in „De Katholieke Kerk”, „Godsdienstleer en Apologie”, 1ste deel, bls. 583. Uitg. Het Spectrum, Utrecht, 2de druk, bls. 583.

⁶³⁾ E. M. JANSSEN, S.J.: „Middelaars” in die a.w. bls. 583 v.v.

⁶⁴⁾ Dr. A. F. N. LEKKERKERKER: De Reformatie in de Crisis, bls. 223-224. Vgl. ook: Dr. G. C. BERKOUWER: Conflict met Rome, bls. 227.

die ons meer beminde dan hij, die zijn leven voor ons gelaten heeft, ook toen wij zijne vyanden ware (Rom. 5 v. 8). Laat ons hem niet verlaten, om een anderen te nemen; of veel meer, een anderen zoeken, zonder hem immermeer te vinden . . . Daarom, volgens het bevel van Christus, zoo roepen wij den hemelschen Vader aan door Christus, **onzen eenigen Middelaar** . . .⁶⁵⁾

Alhoewel dit hier en daar geblyk het dat die R.K. Teologies soms sporadies beweeg in die rigting van die Reformasie,⁶⁶⁾ is die situasie in die R.K. Liturgie en lewenspraktyk van die Kerk totaal anders; hier word die ten hemel skreiende aantasting van die eer van God en Sy Seun Jesus Christus ten volle onthul.⁶⁷⁾

Die R.K. Teologie is nie altyd Theo-logie nie. Die skolasties- aristoteliese filosofiese invloed van bv. die *causae*-leer is duidelik: „sy skenk Hom vir ons.“ Hier kry ons dus 'n werkswyse waarby die filosofie as basis van n' teologiese leer dien, welke leer dan agteraf teologies regverdig word.

Die verkapte pelagianisme, soms duidelik en ander kere minder duidelik, het telkens weer na vore gekom.

⁶⁵⁾ Dr. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK: a.w. bls. 108-113. Vgl. ook die Heidelbergse Kategismus, vrae 14 tot 19.

⁶⁶⁾ Vgl. o.a. SMITH se Mariologie.

⁶⁷⁾ Vgl. o.a. die „pouslike gebed vir die Mariajaar“, en die „Little Flower Prayer Book“.